# DIE JORDAANTJIE

## Nuusbrief van Primêre Skool Jordania

1/2022 14 Januarie 2022

### IN HIERDIE UITGAWE


UIT DIE KANTOOR

1. Nuwe personeel
2. Kwartaalprogram
3. Buitemuurse bedrywighede
4. Skooltye
5. Covid maatreëls
6. Personeelverjaardae
7. Skoolfonds vir 2022





**2022 SKOOLKWARTALE**

| | |
|---|---|
| **1ste:** | 12 Januarie – 17 Maart |
| **2de:** | 5 April – 24 Junie |
| **3de:** | 19 Julie – 30 September |
| **4de:** | 11 Oktober – 14 Desember |

## UIT DIE KANTOOR

Baie welkom terug aan al ons Jorrie leerders, ouers en personeel. Ons hoop dat u die rustyd geniet het en reg is om skouer aan die wiel vir die jaar te sit. ‘n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe leerders en ouers. Ons glo julle sal sommer gou deel van die Jorrie-familie word. Toe ek onlangs van vakansie af teruggekom het, het ek met verkeer op die paaie te doen gekry. Hier en daar was daar selfs ‘n verkeersopeenhoping wat gemaak het dat verkeer baie stadig vloei. Iets wat ons maar min van sien in Bethlehem. Dit het my laat dink aan ‘n stukkie wat ek onlangs gelees het. Dit lui as volg: *“It’s never crowded along the extra mile”.* Aan die begin van hierdie jaar spreek ek die hoop uit dat elke leerder, ouer en personeellid daardie ekstra tree sal gee. Vir byna twee jaar kon ons nie ten volle funksioneer nie, maar hopelik sal 2022 meer geleenthede toelaat. In elk geval kan ons net doen wat ons kan doen, daarom dat dit so nodig is vir daardie ekstra moeite wanneer ons wel dinge gedoen kan kry. Dit is wat een persoon, ook een skool, van ‘n ander onderskei. U het reeds ‘n kwartaalprogram en buitemuurse rooster ontvang. Ongelukkig mag dit wees dat daar veranderings aan die program mag kom soos die Covid-situasie verander, maar hopelik is die impak daarvan minder hierdie jaar. Kom ons neem die gesindheid aan dat ons die beste van elke oomblik sal maak en nie sal vaskyk teen alles wat verkeerd kan loop nie. Baie sterkte vir die 2022 skooljaar. Ons sien met opwinding daarna uit!

> ***“It’s never crowded along the extra mile.”***
> **Wayne Dyer**

**1. Nuwe personeel**

Baie welkom aan nuwe personeel wat by ons aangesluit het:

- Me. Nadia Stuart – Graad 1 (permanent nadat sy verlede jaar afgelos het)
- Me. Jeani Maeder – Graad 1
- Me. Frances van der Schyff – Graad 6 Afrikaans
- Me. Anika Welman – Graad 3 in me. Erika Knobel se plek, wat steeds met kankerbehandeling besig is
- Ons verwelkom ook die volgende onderwysassistente: mee. San-Mari Oelofse en Kayla Posthumus en mnr. Marcel du Plessis

Ons glo dat julle gou by ons sal inskakel en baie gelukkig sal wees hier by die 100% skool.

*100% Jorries*

## Kontak ons:

Van Riebeeckstraat, Jordania
Posbus 474, Bethlehem, 9700
Tel: 058 303 4116 / 5918
Faks: 058 303 4264
Epos: jordania@jordaniapri.co.za
www.jordaniaprimer.co.za

**Vind ons ook op:**

awsum d6

**VOLGENDE WEEK SE PROGRAM**

Ma, 17 Jan: Gr. 4-7 Kleuratletiek (Goble Pk)
Normale skool vir Gr. R-3
Di, 18 Jan: Gr. 4-7 Inligtingsvergadering
Wo, 19 Jan: Gr. R-3 Kleuratletiek (Skool)
Gr. 2-3 Inligtingsvergadering
Ouerbraai (Bring en braai)
Vr, 21 Jan: o/13A Krieket (Grey Kollege)
Sa, 22 Jan: o/13A Krieket (Grey Kollege)

**Klerebank tye**

Dinsdae, Woensdae en Donderdae
07:30 – 8:30

100% JORRIES

**BANKBESONDERHEDE**

Jordania Primêre Skool
Absa Bethlehem
Tjekrekening
Nommer: 770430038

**2. Kwartaalprogram**

Die kwartaalprogram is reeds aan u uitgestuur. Raadpleeg dit gerus om seker te maak dat u op hoogte van sake bly. Onthou egter dat dit onderhewig aan verandering is.

**3. Buitemuurse bedrywighede**

Ons het reeds hierdie week met die buitemuurse bedrywighede begin. Moedig asb. u kind aan om so ver moontlik aan die aktiwiteite deel te neem. Raadpleeg asb. die buitemuurse rooster vir die oefentye van die verskillende aktiwiteite.

NB!

**4. Skooltye**

Maak asb. seker dat leerders betyds by die skool is. Skooltye is as volg:

- Graad R: 7:30 – 13:05 (Vrydae 12:45)
- Graad 1 – 2: 7:30 – 13:05 (Vrydae 12:45)
- Graad 3: 7:30 – 13:30 (Vrydae 12:50)
- Graad 4 – 7: 7:30 – 13:40 (Vrydae 13:00)

Sover moontlik moet alle leerders nie later as 14:00 by die skool afgehaal word nie, behalwe as daar buitemuurse bedrywighede plaasvind.

**5. Covid maatreëls**

Die Covid-direktiewe vir skole is nie verslap nie en daarom moet ons steeds aan alle Covid-maatreëls van masker dra, sosiale afstand hou, hande saniteer, ens. voldoen. Alle ander maatreëls is ook nog dieselfde. Indien 'n leerder positief vir Covid toets of in nabye kontak met iemand was wat Covid positief getoets het, moet hy/sy vir 10 dae isoleer. Ouers moet asb. die skool daarvan in kennis stel. Baie dankie vir u samewerking om van ons skool 'n veilige omgewing te maak.

**6. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel met hul verjaardae:

- 8 Januarie – Ruan Wessels
- 12 Januarie – René de Beer
- 13 Januarie – Maria Mokoena
- 18 Januarie – JP Bosman




Alle seën vir die nuwe lewensjaar!

**7. Skoolfonds vir 2022**

Baie dankie aan al ons ouers wat gedurende die vorige twee jaar steeds in moelike finansiële tye hul skoolfonds getrou betaal het. Dit is al manier hoe ons kwaliteit onderrig en opleiding aan ons leerders kan verskaf met klein klasgroottes, goeie onderwyspersoneel en fasiliteite van hoogstaande gehalte. Die skoolfonds vir 2022 is vasgestel op **R12,000 per kind vir die jaar**. Indien u die volle bedrag voor einde Februarie 2022 betaal, ontvang u 5% korting en betaal slegs **R11 400-00**. Maak gerus gebruik van hierdie vergunning. Kontak Estelle of Alta met navrae.



# HERBALIFE NUTRITION

Independent Member













**Because your Kids deserve healthy snacks**

MICHELLE 0845041598